VERJAARSDAE 28 NOVEMBER - 4 DESEMBER 2010

11/29	SIGRID	HUMAN	HANS STRIJDOMLN 93A	————	Blok 3
12/01	MARELIZE	BOTHA	VAN RIEBEECKLN 194	————	Blok 2
12/01	KOBUS	BARNARD	MOLTENOWEG 50	————	Blok 3
12/01	JOS	STRYDOM	SMUTSLN 208	————	Blok 2
12/02	MARLENE	NELL	WATTLESTR 6	————	Blok 4
12/02	MEGAN	FASCHING	HANS STRIJDOMLN 29	————	Blok 4
12/03	ZUNI	BARNARD	MOLTENOWEG 50	————	Blok 2
12/03	MACHTEL	BADENHORST	BREYERLN 1231	————	Blok 4
12/03	JACO	DUVENAGE	HOFMEYERWEG 52	————	Blok 1
12/04	CHRIZANNE	VAN DER BERG	HANS STRIJDOMLN 145(A)	————	Blok 3
12/04	ANNE	APPEL	HANS STRIJDOMLN 32	————	Blok 4

HUWELIKHERDENKINGS 28 NOVEMBER TOT 4 DESEMBER 2010

MAANDAG 29 NOVEMBER			
FAAN EN MAGDA BUYS	HANS STRIJDOMLN 143	————	Blok 3
DINSDAG, 30 NOVEMBER			
JOHAN EN ELMARIE POTGIETER	HANS STRIJDOMLN 60	————	Blok 3
DONDERDAG, 2 DESEMBER			
LOURENS EN MARELIZE BOTHA	VAN RIEBEECKLN 194	————	
VRYDAG, 3 DESEMBER			
ATTIE EN MINARI NEL	HANS STRIJDOMLN 92	————	Blok 3
SATERDAG, 4 DESEMBER			
HEINRICH EN ESTER OELOFSE	VAN RIEBEECKLN 17	————	Blok 4
OKKIE EN AMANDA PRINSLOO	TRICHARDTWEG 2	————	Blok 1
HARDUS EN HANNELIE DU PREEZ	SMUTSLN 334	————	Blok 1

GRACE ARTS

Vir alle raamwerk — bekostigbaar

Retha Wessels

082 772 0955

012 664 2303

Krugerlaan 177

(na-ure beskikbaar)



Skakel my vir die koop en verkoop van eiendomme in Lyttelton, Kloofsig en Pierre van Ryneveld

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 28 November 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 28 NOVEMBER
Eerste Sondag in Advent
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Kerssangdiens

DINSDAG 30 NOVEMBER
18:30 Delta-kursus

WOENSDAG, 1 DESEMBER
17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 2 DESEMBER
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 5 DESEMBER
09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste

WOENSDAG, 8 DESEMBER
17:00 Biduur

DONDERDAG, 9 DESEMBER
09:00 Bybelstudie Senior lidmate

VRYDAG, 10 DESEMBER
Skole sluit

SONDAG 12 DESEMBER
09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman

DONDERDAG, 16 DESEMBER
Versoeningsdag/Geloftedag
08:00 Geloftediens

SONDAG, 19 DESEMBER
09:00 Erediens

VRYDAG, 24 DESEMBER
Oukersdiens
19:00 Ds Freddie Schoeman

SATERDAG, 25 DESEMBER
08:00 Ds Freddie Schoeman

SONDAG, 26 DESEMBER
Welwillendheidsdag
Deurkollekte: Motorwag
09:00 Erediens

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Siep en Anna Siepker, Van Riebeeckln 45 met Siep wat nog wag om opgeneem te word vir 'n heup-operasie (Blok 4).
2. Koos en Helna Jordaan, Van Riebeeckln 69 met Oom Koos wat beroerte gehad het en nou bedlêend is (Blok 3).
3. Frik en Ané Strydom, Hofmeyrweg 15 met Ané wat geopereer is die 24ste. Sterkte aan die gesin.

MEEGEVOEL

Ons innige meegevoel aan Wynand en Wilma De Klerk en familie, Krugerln 144 met die skielike afsterwe van Wilma se jonger suster Carien Fouché.

Mag julle die Here se nabyheid intens ervaar in die tyd wat voorlê. (Blok 3).

KERSSANGDIENS
Sondag, 28 November
18:00

Ons herinner u aan ons Kerssangdiens ***VANAAND OM 18:00.*** Dit beloof om soos altyd, baie mooi te wees en u word almal hartlik uitgenooi om dit by te woon.

JOU BYBEL EN JOU SELFOON

WATTER EEN IS VIR JOU DIE BELANGRIKSTE?

Sê nou maar ons het ons Bybel op dieselfde manier gebruik as ons selfoon? Dan sou ons …

… dit konstant saam met ons gedra het in ons sakke of handsakke

… verskeie kere elke dag daardeur geblaai het

… teruggedraai het as ons dit per ongeluk by die huis vergeet het

… dit gebruik het om boodskappe te ontvang

… gewonder het hoe ons ooit daarsonder kon klaarkom

… dit vir ons kinders as geskenke gegee het

… dit saamgeneem het as ons op vakansie gaan

… dit gebruik het in geval van nood

Anders as ons selfoon, hoef ons nie bekommerd te wees daaroor dat ons Bybels se lugtyd opraak of oor die maandelikse rekening nie. En geen diskonneksies nie!

ATTESTATE ONTVANG

Vanaf die Ned Herv Kerk Randfontein Midpark:

Dooplidmaat:

Benjamin van Staden
Dinettepark 8 Helgardstr 12 Pierre van Ryneveld (Blok 4)

Vanaf NG Gemeente Monumentpark:

Belydende lidmate:

Jan Sterk
Paulina Fourie (nou Sterk)
Monumentsig 6, Basdenlaan 226, Lyttelton (Blok 4)

Hartlik welkom aan Benjamin van Staden wat al geruime tyd in die gemeente woonagtig is.

Welkom terug aan die Sterks.

Ons hoop julle sal baie gelukkig wees by Lyttelton-Oos

LEKKER MARINADE GENOEG VIR 1 GROOT "POTROAST"

500 ml. Appelkoossap.
125 ml soja.
50 ml olie.
2-3 lourierblare
2 knoffelhuisies (2 tl fyn knoffel in houer gekoop)
1 groot ui [fyngekap]
3 ml fyn gemmer.
Paar peperkorrels (5).
Paar heel naeltjies (3).
1 Beesblokkie opgelos in halwe koppie water.

METODE

1. Marineer vleis in marinade oornag, of vir minstens vir 12 ure in baksak. [In Yskas]
2. Maak gaar volgende oggend in baksak in oond. [325 F of 160 C]
3. As dit gaar is, koel bietjie af [nie koud nie] in baksak en marinade. Maak sakkie bietjie oop.
4. Sny vleis, rangskik in plat Pyrex bak en gooi genoeg van sous [nog dun] oor die vleis, dit hou dit sag en trek nog in.
5. Verdik die orige sous vir jou rys.

BAIE DANKIE ...

Chrisetta Roets en kinders sê baie dankie aan almal wat haar so bedagsaam en vriendelik gehelp het na die afsterwe van Oom Stoffel.

Baie dankie vir almal se ondersteuning en meelewing. Aan die Kerkraad baie dankie vir die gebruik van al die geriewe.

HARTLIK DANK ….

Aan al die dames wat help met die maak van verversings en die bediening daarvan met afsterwe van ons lidmate se geliefdes.

Sonder hierdie waardevolle hulp sou ons dit nie kon doen nie!

Ria Maree

VER BO KORALE

Alles wat die Here vir my doen, maak my vol vreugde. Hy is die grootste geskenk wat ek ooit gekry het. U sorg vir my, Here. Ps 16:5

Elke oggend staan miljoene vroue douvoordag op. Sommige steek 'n vuur aan om 'n pot pap te kook; ander moet 'n trein, bus of taxi haal om betyds by die werk te wees; party maak toebroodjies en was gou 'n bondel wasgoed voordat die kinders by die skool afgelaai word. Regdeur die dag is hierdie vroue besig met hul veeleisende dagtaak; party was vloere, ander hou skool of verpleeg terwyl sommige die sakewêreld aandurf.

Vanmiddag doen hierdie selfde vroue inkopies, ry taxi vir die kinders, betaal rekeninge en help met skoolprojekte. Vanaand slaan hulle 'n aandete aanmekaar, sorg dat die huishouding in orde is en voorsien boonop die geestelike kos aan hul gesinne. En .... voordat sy uitgeput aan die slaap raak, vou sy die mense wat sy liefhet koesterend in die donskombers van haar gebede toe.

Vroue is gee-siele. Onbaatsugtig en onvoorwaardelik gee hulle elke dag hul energie, tyd, harte .... hul hele menswees aan ander. Hul liefde maak van gewone mense, hemelse sterre, van 'n klipharde wêreld, 'n genaakbare plek en van 'n vaal bestaan, 'n heerlike fees.

Omdat God ons harte spesifiek so delikaat aanmekaar gewerk het, is dit vir ons meestal lekker en vervullend om ander te help, onsself te gee en 'n verskil aan die wêreld te maak. Tot op 'n dag .... wanneer ons self moeg, broos of hartseer is. Dan is dit mos asof ons oornag "moeg gegee" is en wanneer ons half vies en verontreg wonder waarom ons alles doen. Dis so al asof ons "gee" opgeraak het en ons leeg wonder of ons nie ook maar soms 'n bietjie kan "ontvang" nie. Of dalk sou dit al help as ons net 'n ordentlike dankie en opregte waardering kry?

Liewe vrou, sulke tye wil ek vir jou sê:

* Jy mag maar soms broos wees en behoefte daaraan hê dat ander jou ook bederf. Dis regtig net menslik om sulke stadiums te bereik.
* Jy mag daarop aandring dat ander jou help en soms ook vir jou iets doen. Jy verdien dit.
* Jy mag sulke tye, meer as ooit, jou fyn vrouehart voor jou Vader uitstort. Hy verstaan hoe dit voel om onophoudelik te gee en Hy ken ondankbaarheid.
* Jy mag ook maar jouself bederf. Ja, wees soms goed vir jouself en geniet (sonder skuldgevoelens!) iets wat jou lekker laat voel.

Hier is 'n dankie om te bêre vir daardie ondankbaar-voel-dae wanneer jy onvergenoeg wonder oor jou bydrae. Dankie, wondervrou, vir wat jy doen, gee en is!

Jou waarde is ver bo korale!

RUSOORD—VAKATURES

FAKTOTUM

Rusoord Centurion benodig 'n persoon met deeglike ondervinding van instandhoudingswerk aan geboue, voertuie en toerusting. Moet instaat wees om onafhanklik te funksioneer. Die persoon moet oor 'n geldige bestuurderslisensie beskik. Die persoon moet ook bereid wees om na-ure in te kom om dringende herstelwerk te doen. Mededingende vergoeding en byvoordele word aangebied. Belangstellendes kan 'n verkorte CV (maks 2 bladsye) sonder enige sertifikate stuur aan : Faks: 012 – 6645835 of Epos: Info@rusoordcenturion.co.za . Vir enige navrae kontak mnr J Pretorius by : 012 – 6645835. Aansoeke sluit op 30 November 2010.

BAKSTER : SNOEPIE

Rusoord Centurion bedryf 'n snoepie waar allerlei lekkernye gebak word. Die persoon moet alle bakwerk self doen asook die verkope hanteer. 'n Liefde vir bejaardes is belangrik. Die snoepie is 5 dae per week oop. Mededingende vergoeding en byvoordele word aangebied. Belangstellendes kan 'n verkorte CV (maks 2 bladsye) sonder enige sertifikate stuur aan : Faks: 012 – 6645835 of Epos: Info@rusoordcenturion.co.za . Vir enige navrae kontak mnr J Pretorius by : 012 – 6645835. Aansoeke sluit op 30 November 2010.

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis
van die lewe te ontdek

20 Januarie 2011—24 Maart 2011

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan
of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.

Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van 'n geloofsgemeenskap ken nie
en bou 'n verhouding met hulle op.

Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.

LYTCOM

Lytcom is ’n Gemeenskap Polisiërings Forum wat die gemeenskap van Lyttelton-Oos mobiliseer en organiseer om misdaad te bestry ten einde die woonbuurt veilig te maak vir die inwoners. Lytcomlede in samewerking met die SAPD, Metro Polisie en veiligheidsmaatskappye ry snags gereeld patrollies, hanteer probleem-situasies soos leë erwe, misdaad “hot spots”, identifisering van potensiële misdaadsituasies, straat-ligte buite werking, bied onder-steuning aan lede tydens misdaad insidente, ensovoorts. Ons versoek lidmate om dit te oorweeg om by Lytcom aan te sluit. U kan bloot net u inligting kosteloos op die databasis registreer en d.m.v. e-pos gereeld op datum gehou word van verwikkelinge en die maandelikse nuusbrief ontvang of aansluit by die radionetwerk waar ’n vrywillige bydrae geld. Die aanbeveelde bydrae is R100.00 per maand. Raak betrokke by die beveiliging van u woonbuurt.

Lytcom CPF Sector 2.4
[info@lytcom.co.za]

Zone 1: Tussen Trichardt en Molteno
Zone 2: Tussen Molteno en Cantonments
Zone 3: Tussen Cantonments en Stasie
Zone 4: Tussen Stasie en Rivier

ZONE LEIERS:

Zone 1: Kobus Badenhorst (083 235 1084)
Zone 2: Ian Swanepoel (083 302 2905)
Zone 3: Braam Fourie (082 880 8528)
Zone 4: Gerrie Yzelle (084 768 7000)

VERGADERINGS

Maandelikse vergaderings vind plaas op die eerste Donderdag van die maand in die Gemeentesentrum van die NG Gemeente Lyttelton-Oos (h/v Van Riebeecklaan en Moltenoweg).

BEELD KINDERFONDS

Beeld se Kinderfonds begin in Oktober en duur tot Februarie 2011.

Lidmate word aangemoedig om tot die fonds by te dra. Dit is egter belangrik dat u as u fondse oorbetaal, duidelik die gemeente se naam en adres ook deurgee.

Individue wat anonieme bydraes maak moet ook asseblief hulle gemeente aandui sodat die fondse ook weer reg deur Beeld geallokeer kan word.
Let daarop dat vir elke R1.00 wat inbetaal word, word daar R1,48 aan CMR oorbetaal.

Die gemeente of individuele bydraes moet direk aan die Beeld betaal word en ’n afskrif van die inbetaling moet aan Sandra Kruger by (012) 361 4626 gefaks word.

BANKBESONDERHEDE BEELD KINDERFONDS:

Absa : Rekeningnommer 28-976-277
Faks bydrae na (011) 22 976 2277 (BEELD)
Faks bydrae na (012) 361 4625 (Sandra—CMR Gauteng-Oos)

Baie dankie vir u ondersteuning

2011

Tweeduisend en elf is om die draai!

Ons almanak is reeds by die drukkers en sal hopelik een van die dae beskikbaar wees.

Hiermee ‘n kort opsomming van die eerste paar weke van die nuwe jaar:

7-9 Januarie:	Belydenisklaskamp
10 Januarie:	Die Bediening– en Bedryfspanne begin met hul vergaderings
12 Januarie:	Skole heropen
12 Januarie:	Gemeentelike biduur begin
13 Januarie:	Senior Lidmate Bybelstudie begin
16 Januarie:	Kindereredienste en Kategese begin
18 Januarie:	Sustersbiduur/Bybelstudie begin
20 Januarie:	Alpha-kursus neem ’n aanvang en duur tot 24 Maart
4 Februarie:	Jeug-aktiwiteite begin met OppiKoffie
12 Februarie:	Klub Immergroen—’n Tee-geleentheid
18 Februarie:	Jeug: “Bash”
19 Februarie:	Kursus: Ontdek jou Potensiaal
20 Februarie:	Alphadag
25 Februarie:	Gemeente-ete
27 Februarie:	Besoek aan gemeente deur Bibles for Believers
4 Maart:	Wêreldbiddag vir Vroue
5 Maart:	Wêreldbiddag vir Manne
9 Maart:	As-Woensdag: Nagmaal
25 Maart:	Skole sluit

Dit in ’n neutedop die aanvang van 2011 wat ’n bedrywige jaar inlei